# H O O F S T U K 4

# DIE METODE VAN ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

Die dringende noodsaaklikheid van die teenwoordigheid van die man in die onderwys is in die voorgaande literatuurorsig blootgelê. Daar is aangetoon dat die persentasie mansonderwysers steeds besig is om af te neem in die primêre en sekondêre skole. Voorts is aangetoon dat daar tot nog toe geen noemenswaar= dige verbetering in die toetrede van die man tot die onderwysberoep is nie.

Vervolgens word aandag geskenk aan die metode wat in hierdie ondersoek gevolg gaan word ten einde die faktore vas te stel wat matriekseuns beïnvloed by die keuse van die onderwys as loopbaan. Die aandag word bepaal by die skole wat by die ondersoek betrek word en by die steekproef wat aangewend is om die skole te selekteer. Verder volg 'n bespreking van die questionnaire wat as hoof= metode in hierdie ondersoek gebruik is. Ten slotte word volledig uiteengesit hoe die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik word, saamgestel en toegepas is.

## 4.2 KEUSE VAN SKOLE EN PROEFPERSONE

### 4.2.1 Skole

Vir 'n studie soos hierdie is dit moeilik, onekonomies en tydrowend om al die matriekseuns in alle sekondêre skole in Transvaal te betrek. Uit die universum van 215 sekondêre skole (T.O.D.-publikasie, 1976, p. 86-99) word 'n kleiner han= teerbare groep proefpersone getrek. Hierdie monster moet verteenwoordigend van die universum wees sodat die resultate veralgemeenbaar en geldig kan wees.

Die universum bestaan uit alle matriekseuns in Transvaal, Afrikaans- en Engels= sprekend. Die universum vertoon die volgende subgroepe of strata:

1. Matriekseuns in Afrikaanse stedelike sekondêre skole.

2. Matriekseuns in Afrikaanse plattelandse sekondêre skole.

3. Matriekseuns in Engelse stedelike sekondêre skole.

4. Matriekseuns in Engelse plattelandse sekondêre skole.

Om 'n gestratifieerde ewekansige steekproef saam te stel word die 215 sekondêre skole in Transvaal waar seuns op die rol is as volg betrek (T.O.D.-publikasie, 1976, p. 86 - 99):

STAD

| *Afrikaans* | *Engels* | *Afrikaans/Engels* |
|---|---|---|
| 63 skole | 43 skole | 17 skole |

123 skole

PLATTELAND

| *Afrikaans* | *Engels* | *Afrikaans/Engels* |
|---|---|---|
| 56 skole | 14 skole | 22 skole |

92 skole

Uit bogenoemde substrata word 'n proporsionele steekproef saamgestel sodat elke kleiner stratum in dieselfde verhouding in die steekproef verteenwoordig is as wat dit in die universum verteenwoordig is (Konijn, 1973, p. 161; Van Tonder, 1973, p. 90). Daar word van $\pm$ 10% van die universum van 215 skole gebruik ge= maak wat meebring dat 22 skole in die volgende verhouding in die steekproef verteenwoordig sal wees.

| STAD | PLATTELAND |
|---|---|
| $\frac{123}{215} \times \frac{22}{1}$ | $\frac{92}{215} \times \frac{22}{1}$ |
| = 12,6 skole | = 9,4 skole |

Omdat die skole slegs in heelgetalle betrek kon word, sal daar van 13 skole in stedelike gebiede en 9 skole in plattelandse gebied gebruik gemaak word. Propor=

sioneel sal hierdie skole as volge verteenwoordig wees:

STAD

| *Afrikaans* | *Engels* | *Afrikaan/Engels* |
|---|---|---|
| $\frac{63}{123} \times \frac{13}{1}$ | $\frac{43}{123} \times \frac{13}{1}$ | $\frac{17}{123} \times \frac{13}{1}$ |
| = 6,7 skole | = 4,5 skole | = 1,8 skole |

Daar word dus 7, 5 en 2 skole respektiewelik in stedelike gebiede in die steek= proef opgeneem.

PLATTELAND

| *Afrikaans* | *Engels* | *Afrikaans/Engels* |
|---|---|---|
| $\frac{56}{92} \times \frac{9}{1}$ | $\frac{14}{92} \times \frac{9}{1}$ | $\frac{22}{92} \times \frac{9}{1}$ |
| = 5,5 skole | = 1,4 skole | = 2,2 skole |

In die geval van plattelandse skole is die verhouding Afrikaans, Engels en Afrikaans/Engels respektiewelik 6, 1 en 2.

'n Ewekansige steekproef word getrek uit elke groep of stratum deur elke skool van 'n nommer te voorsien en die nommers wat in die steekproef opgeneem is, word van 'n lys toevalsyfers (table of random numbers) afgelees. Hierdie lys is só saam= gestel dat alle syfers in 'n toevallige orde daarin opgeneem is (Ary, 1972, pp. 66-70; Som, 1973, pp. 337-338). Hierdie toevallige keuse waarborg slegs dat voorkeure van die navorser nie by die monster geld nie en dat alle verskille tus= sen die steekproef en die universum slegs toevallig is.

4.2.2 Proefpersone

Aangesien dit in hierdie ondersoek slegs gaan om faktore wat Transvaalse matriek= seuns beïnvloed by die keuse van onderwys as beroep, is slegs seuns as proefper= sone gebruik. Omdat 'n skooleindsertifikaat wat aan bepaalde vereistes voldoen

vir toelating tot onderwysersopleiding vereis word, is slegs seuns wat tot standerd 10 gevorder het as proefpersone gebruik. Matriekseuns val in die ouder=domsgroepe 17 tot 18 jaar, d.w.s. in die laat adolessensie. In hierdie groep sal waarskynlik seuns voorkom wat vanweë vroeëre beslissings nie aan die minimumver=eistes vir toelating tot onderwysersopleiding voldoen nie - moontlik omdat hulle vroegtydig reeds besluit het om nie onderwysers te word nie. Daar sal seuns voorkom wat reeds besluit het op die onderwys as loopbaan en ook ander wat nog nie 'n finale keuse van studierigting of beroep gemaak het nie. Al die matriek=seuns in die geselekteerde skole is derhalwe as proefpersone gebruik.

## 4.3 DIE QUESTIONNAIRE

Die vraelys word as hoofmetode van ondersoek gebruik met volle inagneming van die gebreke van dié metode, die verskillende vorms wat vraelyste kan aanneem en die wetenskaplike prosedure wat gevolg moet word by die samestelling van vraelys=te vir navorsingsdoeleindes.[1)]

## 4.4 DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

Vervolgens sal aandag gegee word aan die wyse waarop die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik word, saamgestel is.

Soos uit vroeëre hoofstukke blyk, is 'n deeglike literatuurstudie in verband met die veld van ondersoek gedoen en is gesprekke gevoer met prof. Chas P. van der Walt, assistent direkteur belas met onderwysersopleiding, van die Transvaalse Onderwysdepartement en prof. N. J. Mentz, hoof van die Onderwysburo van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Met in agneming van die leemtes en voortreflikhede van, en die eise aan die vrae=lys gestel, is die volgende stappe in die samestelling daarvan gevolg: 'n ope vraelys is opgestel en aan die matriekseuns van vier sekondêre skole, nl. 'n stede=like Afrikaanse sekondêre skool, 'n stedelike Engelse sekondêre skool, 'n platte=landse Afrikaanse sekondêre skool, 'n Engelse sekondêre skool op die platteland

---

1) Om onnodige belading van hierdie proefskrif te voorkom word hierdie beson=derhede nie hierin verstrek nie, maar verwys skrywer u graag na sy M.Ed.-verhandeling "'n Ondersoek na die faktore wat vakkeuse van leerlinge aan die einde van standerd agt aan 'n bepaalde skool beïnvloed". 'n Breedvoe=rige bespreking van die vraelys vind u in hoofstuk 3.

en die eerstejaarmans van 'n onderwyskollege voorgelê om te voltooi (kyk bylae 1). Met in agneming van hulle responsies en wenke is 'n tentatiewe geslote vraelys opgestel en aan enkele outoriteite vir kommentaar voorgelê (dr. J. F. Marais, mnr. S. J. Nel en mnr. N. J. Vreken almal van die P. U. vir C. H. O.; vergelyk ook bylae 2); hierop is die vraelys geredigeer en aan 'n steekproef proefpersone voorgelê (kyk bylae 3) en ten slotte is die vraelys finaal geredigeer in oorleg met mnr. T. Steyn van die Rekenaarsentrum van die P. U. vir C. H. O. (kyk bylae 4).

4.4.1 Die samestelling en toepassing van die ope vraelys

Met in agneming van die relevante literatuur soos saamgevat in hoofstukke 2 en 3 hierbo; die wenke van prof. Chas P. van der Walt, Prof. N. J. Mentz, kollegas van die Potchefstroomse Onderwyskollege, almal mense wat met onderwysersopleiding gemoeid is; en die vereistes waaraan vraelyste moet voldoen, is 'n ope vraelys opgestel (kyk bylae 1).

Hierdie vraelys is aan al die matriekseuns van vier skole (kyk paragraaf 4.4) en die eerstejaarmans van 'n onderwyskollege voorgelê om te voltooi.

Die antwoorde was uiteenlopend, maar redes wat respondente vir hulle keuse van die onderwys as loopbaan, al dan nie, aangevoer het, was besonder insiggewend en van groot waarde by die opstel van die finale vraelys. Hieronder volg verba= tim aanhalings van 'n redelik verteenwoordigende monster van verskillende tipes responsies.

4.4.1.1 Responsies van proefpersone aan 'n onderwyskollege

Hierdie proefpersone is aan 'n onderwyskollege en het klaar die onderwys as loop= baan gekies, en ondergaan op die oomblik hulle onderwysersopleiding.

*RESPONDENT A*

"My ouers wou hê ek moet 'n onderwyser word. Ek wil 'n onderwyser word omdat daar min mans in die onderwys op die primêre skool is en mens dus gouer bevordering kan kry. Verder is die vereistes wat gestel word om 'n onderwyser te word laag".

*RESPONDENT B*

"Ek het die onderwys as loopbaan gekies omdat ek nooit sonder 'n werk sal wees nie,want daar sal altyd kinders wees; om my volk se kinders op die regte manier op te voed en hulle te leer wat my onderwysers my nie geleer het nie".

*RESPONDENT C*

"Die werkloosheidsprobleem wat besig is om te ontwikkel, maar die onderwys bied sekuriteit".

*RESPONDENT D*

"My ouers en een van my onderwysers het my geïnspireer om 'n onderwyser te word, hulle sê my geaardheid sal by die onderwys pas; die onderwys bied sekuriteit en ek hou van kinders veral van kleintjies".

*RESPONDENT E*

"Die moontlikheid van die verhoging van die onderwyser se salaris; die onderwys bied sekuriteit".

*RESPONDENT F*

"Ek het die onderwys gekies om my vir iets te kwalifiseer; ek is geïnteresseerd in die onderwys maar wil ook graag gaan boer".

*RESPONDENT G*

"Ek het die onderwys as loopbaan gekies op aanbeveling, maar ek weet nie hoekom ek so besluit het nie".

*RESPONDENT H*

"Ek was twee jaar in die weermag vir my militêre-opleiding en wou daarna gaan werk, maar kon nie 'n werk kry nie. 'n Personeelbeampte het my toe aanbeveel om my te gaan kwalifiseer vir enige iets. Daar het ek besluit om my te kwalifiseer

vir 'n onderwyser, want ek hou daarvan om met mense te werk, want ek was 'n in=strukteur in die Suid-Afrikaanse Weermag".

*RESPONDENT I*

"Ek het die onderwys as loopbaan gekies, want ek wil die kinders help om hulle sporttalente te ontwikkel".

*RESPONDENT J*

"Ek het die onderwys as loopbaan gekies, want: dit het 'n goeie status; 'n goeie pensioenskema; jy is altyd verseker van jou werk veral in krisistye; onderwys bied goeie bevorderingsmoontlikhede".

*RESPONDENT K*

"Ek het eers by die Departement van Gevangenis gewerk en daar agtergekom dat die mens van kindsbeen af nie die regte opvoeding gekry het nie. Dit het my laat besluit om die onderwys as loopbaan te kies sodat ek vir die kind iets kan bete=ken".

*RESPONDENT L*

"Ek wil help om die onderwys 'n beter beroep te maak, maar ek weet nie eintlik waarom ek die beroep gekies het nie".

*RESPONDENT M*

"Ek is lief vir kinders en om met jongmense te gesels, maar ek weet soms ook nie waarom ek die onderwys as loopbaan gekies het nie".

*RESPONDENT N*

"Hier kry ek die geleentheid om te help opvoed aan die jeug van ons volk; ek is lief vir kinders en daar is groot kanse vir bevordering in die onderwys".

*RESPONDENT O*

"Die geluk wat ek in die beroep kan vind deur die hulp wat ek aan die kinders kan bied; die salaris is nie vir my van belang nie".

*RESPONDENT P*

"Ek glo ek is geroepe om onderwys te gee en op die manier my medemens op 'n be= sondere wyse te dien".

*RESPONDENT Q*

"Omdat daar reeds 'n tekort aan mans in die onderwys is en daar sal dus baie ver= beteringe in die onderwys moet kom en dan sal 'n mens goed daaraan toe wees".

*RESPONDENT R*

"Daar is by my 'n innerlike drang om met kinders te werk, want ek het as kind self swaar gekry. Ek wil leer om met kinders te werk en hulle te help en ook om 'n sukses van my eie kinders se opvoeding te maak".

*RESPONDENT S*

"Dit is 'n baie edele beroep en ek wil graag help om die leiers van môre op te voed deur die kennis waaroor ek beskik aan die kinders oor te dra".

*RESPONDENT T*

"As gevolg van die land se ekonomiese probleme is werksgeleenthede nou skaars in die privaatsektor. Die onderwys is 'n beroep waar ek altyd verseker is van 'n betrekking".

*RESPONDENT U*

"Daar is gerieflike werkstye sodat mens ook deeltyds kan boer. Jy kry ook 'n beurs wat al jou onkoste in verband met jou opleiding dek".

*RESPONDENT V*

"Ek het nie geld gehad vir verdere studie nie en het toe 'n beurs gekry vir my op= leiding as onderwyser. Ek wil ook dit wat ek as verkeerd in die onderwys gesien het probeer regstel".

*RESPONDENT W*

"Ek beskou die onderwysprofessie as 'n roeping en ek glo dat ek my land, my volk en bo alles my God daardeur kan dien".

*RESPONDENT X*

"Ek het nie universiteitstoelating gehad nie, was onseker oor 'n beroep en die onderwys het na die beste uitweg gelyk".

*RESPONDENT Y*

"Ek het die onderwys as loopbaan gekies, want jou studies word alles deur die Transvaalse Onderwysdepartement betaal".

*RESPONDENT Z*

"Die voorbeeld wat een van my onderwysers aan ons gestel het, ek wil graag so 'n onderwyser wees soos wat hy was".

*RESPONDENT AI*

"Ek wil gaan boer en ook geld verdien en in die onderwys is baie vrye tyd om aan die boerdery te bestee. Verder sien ek uit na die studentelewe".

*RESPONDENT BI*

"Elke onderwyser moet iemand wees wat bereid is om aandag aan die kinders te skenk en hulle sodoende te help met hulle probleme. Ek kies dié beroep omdat ek 'n waardevolle onderwyser wil word".

*RESPONDENT CI*

"Ek het die onderwys as loopbaan gekies, omdat daar groot moontlikhede vir 'n hoë pos is, aangesien mans nie in groot getalle in die onderwys voorkom nie".

*RESPONDENT DI*

"Ek kan nie regtig sê waarom ek die onderwys as loopbaan gekies het nie, dalk om=dat ek besluiteloos is en nou nog 'n bietjie onseker is".

Bogenoemde standpunte is geneem uit eerstejaarmanstudente aan 'n onderwyskollege se reaksie op die ope vraelys (kyk bylae 1). Dit verteenwoordig min of meer die respondente se redes waarom hulle die onderwys as loopbaan gekies het. 'n Ontleding van die responsies toon dat respondente K, N, O, P, R, S, W en BI hulle geroepe voel tot die onderwys. Respondente B, C, E, J en T het die onderwys as loopbaan gekies omdat dit hulle sekuriteit verskaf vir die toekoms. Respondente D en Z is deur 'n onderwyser beïnvloed om die onderwys as loopbaan te kies. Stu=dente V en Y het die onderwys as loopbaan gekies, omdat daar 'n beurs beskikbaar is om die opleiding as onderwyser te bekostig. Uit die verbatim aanhalings van respondente A, F, G, I, L, M, Q, U, X, AI, CI en DI, blyk dit dat hulle 'n wanindruk van die onderwys het, en heelwaarskynlik nie geluk in die beroep sal vind nie.

4.4.1.2 Responsies van matriekseuns

Van die 156 respondente wat die ope vraelys beantwoord het, het 43% nie die onder=wys gekies nie, omdat die salaris onvoldoende was; 22% stel nie belang in die onderwys nie; 22% noem ander redes waarom hulle nie die onderwys gekies het nie; 9% het wel die onderwys as loopbaan gekies en 4% se vader is of was in die onder=wys en hulle seuns sien nie hulle weg oop om ook onderwysers te word nie. Die volgende verteenwoordigende verbatim aanhalings is geneem uit die responsies van matriekseuns uit vier sekondêre skole in Transvaal:

*RESPONDENT a*

"Die baie ure se voorbereiding, heeldag voor 'n klas staan en die middag se buite=muurse aktiwiteite is nie die geld werd wat die onderwyser betaal word nie".

*RESPONDENT b*

"To teach and educate other people's children, is a great responsibility. The salary the teacher receives for this is not worth while".

*RESPONDENT c*

"Vir die baie probleme wat die onderwyser het, kry hy te min geld".

*RESPONDENT d*

"For the ungrateful task of the teacher, the remuneration is out of comparison low".

*RESPONDENT e*

"Die salaris vergelyk nie goed met die van die privaatsektor nie".

*RESPONDENT f*

"After many years of service as teacher, his salary is still too low for a decent living".

*RESPONDENT g*

"Die onderwyser kry nie genoeg geld om sy gesin behoorlik aan die lewe te hou nie".

*RESPONDENT h*

"As regards the financial side of the education, the teacher's position is by far worse than that of the person in the private sector who had the same number of years at university".

*RESPONDENT i*

"Aangesien ons vandag in 'n tyd lewe waarin die mens relatief materialisties ge=

oriënteerd is, is dit beslis die oorsaak van 'n tekort aan opgeleide manspersoneel in die onderwys. Die salaris van die onderwyser is nie genoeg nie! Die man moet 'n huisgesin onderhou en het ook nog ander instansies wat finansiële aandag nodig het. Verbeter die salaris en u het meer mansonderwysers!"

*RESPONDENT j*

"The salary is unrealistic. With four years university training in another field, I can earn more in the private sector than in education. The possibility also exists that the position will not be better after many years of service".

*RESPONDENT k*

"Ek stel nie in die onderwys belang nie, want dit is elke jaar dieselfde werk oor en oor".

*RESPONDENT l*

"I am not interested in teaching. The salary is by far inadequate".

*RESPONDENT m*

"Ek het nog nooit aan die onderwys as 'n loopbaan gedink nie, want niemand het nog met my in dié rigting gesels nie. Ek het egter niks teen die onderwys nie".

*RESPONDENT n*

"I don't want to become a teacher, because sport plays too big a role at school".

*RESPONDENT o*

"Die onderwys trek deesdae baie swak kandidate, veral mans, om as onderwysers opgelei te word en ek sien nie kans om met hulle saam te werk nie".

*RESPONDENT p*

"I don't regard teaching any more as a man's profession, but that of ladies".

*RESPONDENT q*

"Ons land het die mans meer nodig op ander terreine en die onderwys is vir die vrou bedoel".

*RESPONDENT r*

"After school hours I want to be free and don't want to be kept busy with sport coaching".

*RESPONDENT s*

"Na my mening moet 'n mens 'n gebore onderwyser wees, 'n man van edel inbors en baie geduld en dit het ek nie".

*RESPONDENT t*

"Teachers have too much trouble with other people's children. I don't see my way open for this".

*RESPONDENT u*

"Ek wil nie 'n onderwyser word nie, want daar is min onderwysers wat populêr onder kinders is".

*RESPONDENT v*

"My father was a teacher and I don't want to become a teacher as the salary is not adequate for the qualifications".

*RESPONDENT w*

"My pa is 'n onderwyser. Hy is seker 'n gebore onderwyser, want hy behaal baie goeie resultate met sy matrieks. Die kinders in die skool is lief vir hom,omdat hy kinders verstaan en lief het. Ek kry hom egter jammer as ek sien hoe hy soms met 'n blink geslyte broek gaan skoolhou en nie die geld het om altyd nuwe klere te koop nie. Ek wil nie 'n onderwyser word as ek hieraan dink nie".

*RESPONDENT x*

"Met my vader 'n oud-onderwyser het ek deeglike kennis opgedoen in verband met die werk waarmee 'n onderwyser te doen het. Hierdie tipe werk val nie in my belangstelling nie. Ek het 'n beroep gekies waarin ek belangstel".

*RESPONDENT y*

"I should like to be a teacher as their holidays are long".

*RESPONDENT z*

"Ek wil graag 'n L.O.-onderwyser word want ons vorige L.O.-onderwyser se aanbieding van sport het my hiertoe beïnvloed".

*RESPONDENT a1*

"If I become a teacher I will be able to concentrate on the sport that interests me. It will give me the opportunity to give back something for what I received in this regard".

*RESPONDENT b1*

"Ek wil 'n onderwyser word sodat ek 'n diens aan my volk kan lewer".

*RESPONDENT c1*

"I have chosen teaching as a profession because their training course is not too long and they have long holidays".

*RESPONDENT d1*

"Ek wil 'n onderwyser word omdat ek daartoe geroepe voel".

In die ope vraelys kan die respondente na willekeur en met die grootste omhaal van woorde, hulle eie antwoorde verskaf op die vrae wat aan hulle gestel is. Die ope vraelys het egter sy tekortkomings (le Roux, 1973, p. 59), daarom is 'n

tentatiewe geslote vraelys saamgestel met inagneming van die gegewens wat verkry is uit die antwoorde op die ope vraelys.

## 4.4.2 Tentatiewe geslote vraelys

Soos uit hierdie paragraaf sal blyk, het die ope vraelys (kyk bylae 1) in 'n groot mate as uitgangspunt gedien by die samestelling van die tentatiewe geslote vrae=lys (kyk bylae 2).

Afdeling A van die tentatiewe geslote vraelys handel oor persoonlike aangeleent=hede van die respondente en hulle ouers. Die vrae wat hierin voortkom, kan ge=bruik word as veranderlikes, want deur dit te doen kan moontlik vasgestel word wat die relatiewe invloed van iedere faktor is by die oorweging van die onderwys as loopbaan. Vrae 3 tot en met 7 handel oor die beroep van die ouers as onder=wysers en die mate wat hulle hulle seuns beïnvloed het by die oorweging van die onderwys as loopbaan. Respondente A, B, v, w en x verwys, onder andere, na beïnvloeding deur hulle ouers.

Vraag 12 is gestel om te probeer vasstel in watter mate respondente wat waarskyn=lik die onderwys as loopbaan sal kies, na hulle mening, oor sommige van die eien=skappe van 'n goeie onderwyser beskik (kyk paragrawe 2.2.5; 2.2.5.3.2 en 2.2.5.3.3) en verder vas te stel hoeveel respondente daar is wat waarskynlik nie die onder=wys as loopbaan sal kies nie wat wel reken dat hulle daarvoor geskik sou wees. Uit hierdie responsies kan moontlik afgelei word of die werwing en keuring van onderwysrekrute op 'n gesonde grondslag funksioneer.

Vrae 13 en 14 is gestel om te probeer vasstel of die respondente in hulle skool=loopbaan 'n man as identifikasiefiguur teegekom het en of sy toekomstige manbeeld miskien geskaad is. Respondente z en u verwys hierna. Met vraag 15 word be=oog om respondente se mening omtrent die "vervrouliking" van die onderwysberoep te peil. Respondente p en q verwys hierna (kyk ook paragraaf 2.2.5.3.3).

Die vrae in afdeling B handel oor verskeie faktore wat deur respondente genoem is waarom hulle die onderwys as loopbaan gekies het al dan nie. Hierdie vrae is aangevul uit die literatuurstudie en vroeëre ondersoekers se bevindings (kyk paragrawe 2.2.5; 2.2.5.3; 2.2.5.3.2; 2.2.5.3.3; 3.3.1). Vakansies word in vraag 1(i) ingesluit, omdat respondente y en c1 die onderwys as loopbaan ge=kies het vanweë die lang vakansies, terwyl respondente A en U hulle deur die

lengte van die werksdag laat beïnvloed het (kyk vraag 1(ii)) en ook na gunstige werksomstandighede verwys (kyk vraag 1(iv)). Respondente E en Q vestig hulle hoop op drastiese verhoging in die salaris van die onderwyser wat in vooruitsig is, terwyl respondent O glad nie deur die salaris beïnvloed word nie. Vraag 1(v) vind sy oorsprong hier. Respondent J verwys na die status van die onder=wyser, terwyl respondente K, N, O, P, R en S die onderwys gekies het, omdat hulle geroepe daartoe voel, om die redes is vrae 1(vi) en 1(vii) in die vraelys opge=neem. Die sekuriteit wat die onderwys bied, het respondente B, C, D en T beïn=bloed om die onderwys as loopbaan te kies (vgl. vraag 1(viii)), terwyl onderwys=beurse (vgl. vraag 1(ix)) en diensvoorwaardes (kyk vraag 1(x)) respondente U, V, T en J respektiewelik beïnvloed het.

Die navorsing wat skrywer gedoen het oor die onderwys as 'n beroep (kyk paragraaf 2.2.5.3) het aanleiding daartoe gegee dat vrae 2(i), (ii), (iii), (iv), (ix) en (x) in die vraelys opgeneem is.

Respondente het ook telkens verwys na faktore wat hulle ontmoedig het om die onderwys as loopbaan te kies. So byvoorbeeld, verwys respondente a, n en r na oordrywing van sport op skool (kyk vraag 2(iii)), terwyl respondente a, b, c, d, e, f, g, h, i, j en l na die gebrekkige salaris van die onderwyser verwys (kyk vraag 2(iv)). Die verantwoordelikheid om ander mense se kinders op te voed, het respondente c en t ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies (kyk vraag 2(v)). Die roetine en nasienwerk het respondente x en k van die onderwys laat afsien. Verder het die eise wat die gemeenskap stel respondent b ontmoedig om tot die onderwys toe te tree (kyk vraag 2(ix)). Vraag 3 het sy oorsprong by respondente e, h en j wat beweer dat die onderwyser se salaris ongunstig vergelyk met dié in die privaatsektor (kyk ook paragraaf 3.3.1).

Verdere ontleding van die responsies op die ope vraelys toon dat die bevorderings=moontlikhede in die onderwys ook 'n beïnvloedende faktor is. So byvoorbeeld, verwys respondente A, N, Q en C, na die bevorderingsmoontlikhede in die onderwys, terwyl respondente A, D, G, H, J, Z, v, w, x en z deur persone beïnvloed was. Hieruit het vrae 4, 5 en 7 ontstaan.

Vraag 6 is in die vraelys opgeneem, omdat respondent A beweer dat die vereistes om 'n onderwyser te word te laag is, respondent o beweer dat die onderwys swak kandidate vir opleiding trek, terwyl respondent X die onderwys kies omdat hy nie universiteitstoelating het nie.

Uit die antwoorde van verskeie respondente blyk dit dat hulle nie op hoogte van sake aangaande die onderwys is nie, en respondent m beweer onomwonde dat niemand nog met hom oor die onderwys as loopbaan gepraat het nie, maar hy niks teen die onderwys het nie, daarom word met vraag 8 gepoog om vas te stel of daar op skool gepoog word om die onderwys as loopbaan te propageer.

### 4.4.3 Eerste redaksie van die tentatiewe geslote vraelys

Die tentatiewe vraelys is met Dr. J. F. Marais en mnre. S. J. Nel en N. J. Vreken van die P. U. vir C. H. O. bespreek en op hulle advies is verskeie veranderings aangebring (kyk bylae 3).

#### 4.4.3.1 Eerste redaksie van instruksies

4.4.3.1.1 Punt nommer 5 onder die opskrif, *Hoe om die vraelys te voltooi*, is gewysig om te lees: die sukses van hierdie ondersoek en die aanbevelings wat hieruit gaan voortspruit om die onderwys vir die man 'n aantrekliker beroep te maak, hang in 'n baie hoë mate van u af. Wees by die beantwoording van die vrae *openlik en eerlik* en maak die kruisie in die ruimte wat *volgens u eie mening* die antwoord op die vraag verskaf.

#### 4.4.3.2 Eerste redaksie van afdeling A

Vraag 12 is gewysig om te lees (kyk bylae 2 en 3): Hieronder volg 'n lys van sommige eienskappe waaroor die goeie onderwyser moontlik kan beskik. Dui met 'n kruisie aan in watter mate u, volgens u mening, oor elk van hierdie eienskappe beskik.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12.1 | Geduld | In 'n hoë mate | /__/1/ |
| | | In 'n redelike mate | /__/2/ |
| | | In 'n geringe mate | /__/3/ |

Dieselfde prosedure is gevolg met:

12.2 Streng dog regverdig

12.3 Persoonlike netheid

12.4 Vermoë om vertroue in te boesem

12.5 Stiptheid

12.6 Liefde vir kinders

12.7 Verdraagsaamheid

12.8 Sin vir humor

12.9 Simpatieke optrede

12.10 Selfbeheersing

12.11 Handhawing van Christelike beginsels

12.12 Selfvertroue

'n Vriendelike geaardheid, menslikheid, geskikte temperament om met kinders oor die weg te kom en effektiewe gesagsuitoefening is uit die lys verwyder omdat dit bevredigend gedek word deur 12.6 liefde vir kinders, en 12.2, streng dog regverdig.

Bogenoemde wysigings is aangebring sodat vasgestel kan word in watter mate respon= dente oor elke eienskap beskik.

Vraag 15 word gewysig om te lees (kyk bylae 2 en 3): Beskou u die onderwys as 'n beroep van 'n man of dié van 'n dame of is dit 'n beroep vir albei?

| | |
|---|---|
| Man | /_/1/ |
| Dame | /_/2/ |
| Albei | /_/3/ |

4.4.3.3 Eerste redaksie van afdeling B

4.4.3.3.1 Vraag 1 is gewysig om te lees (kyk bylae 2 en 3): Die volgende faktore kan u moontlik aanmoedig om die onderwys as loopbaan te kies. Dui met 'n kruisie aan in watter mate faktore 1.1 tot 1.10 u sal aanmoedig om die onderwys as loopbaan te kies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Vakansies | In 'n hoë mate | /_/1/ |
| | | In 'n redelike mate | /_/2/ |
| | | In 'n geringe mate | /_/3/ |
| | | Glad nie | /_/4/ |

Dieselfde prosedure is gevolg met:

1.2 Die lengte van die werksdag.
1.3 Die werksomstandighede.
1.4 Die salaris van die onderwyser.
1.5 Die status van die onderwyser.
1.6 Onderwys is 'n diens aan my naaste, my volk en my vaderland.
1.7 Die onderwys bied sekuriteit.
1.8 Beurse beskikbaar wat alle opleiding dek.
1.9 Diensvoorwaardes.
1.10 Liefde vir 'n vak.

Bogenoemde veranderinge is aangebring sodat vasgestel kan word in watter mate elke faktor respondente aanmoedig om die onderwys as loopbaan te kies. Verder is "onderwys is 'n roeping" weggelaat omdat dit gedek word deur vraag 1.6.

4.4.3.3.2 Vraag 2 is gewysig om te lui (kyk bylae 2 en 3): Wat is na u mening die rede dat so min matriekseuns die onderwys as loopbaan kies? Dui met 'n kruisie aan in watter mate faktore 2.1 tot 2.10 volgens u mening hiertoe bydra.

2.1 Daar word te veel vir die onderwyser voorgeskryf wat om te doen, sy inisiatief word hierdeur gedemp.

| | |
|---|---|
| In 'n hoë mate | / / 1/ |
| In 'n redelike mate | / / 2/ |
| In 'n geringe mate | / / 3/ |
| Glad nie | / / 4/ |

Dieselfde prosedure is gevolg met:

2.2 Sport word op skool oorbeklemtoon en neem te veel van die onderwyser se tyd in beslag, selfs oor naweke.

2.3 Die onderwysers se stryd om hoër salarisse.

2.4 Die publiek se houding teenoor die onderwys.

2.5 Die kinders van vandag is te ongedissiplineerd.

2.6 Groot hoeveelhede nasienwerk en ander administratiewe pligte.

2.7 Die aantal kinders in 'n klas is te veel om te behartig.

2.8 Koshuisdienste.

2.9 Die eise wat die gemeenskap aan die onderwys stel (fonds=insameling, kermisse, ens)

2.10 Die assistent-onderwyser het te veel "base" (inspekteur, hoof, adjunk-hoof, vise-hoof en senior assistent).

Bogenoemde verandering is om dieselfde rede as vir vraag 1 aangebring.

4.4.3.3.3 Vraag 4 is weggelaat.

4.4.3.3.4 Vraag 6 word 5 en verander om te lees (kyk bylae 2 en 3):
Dink u dat kandidate tans te maklik toegelaat word om as onderwysers opgelei te word?

| | |
|---|---|
| Ja | /_/ 1/ |
| Nee | /_/ 2/ |

Die nuwe bewoording is eenvoudiger gestel en kan 'n betroubaarder antwoord tot ge=volg hê.

4.4.3.3.5 Vraag 7 word vraag 6 en is verander tot (kyk bylae 2 en 3):
Toon met 'n kruisie aan watter invloed die volgende persone op u oorweging van die onderwys as loopbaan gehad het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Vriende | Sterk aangemoedig | /_/ 1/ |
| | | Sterk ontmoedig | /_/ 2/ |
| | | Geen invloed | /_/ 3/ |

Dieselfde prosedure is gevolg met:

6.2 Die skoolhoof.
6.3 Die voorligteronderwyser
6.4 Die klasonderwyser (registeronderwyser).
6.5 Familie.
6.6 Ander onderwysers.

Die ouers is hier weggelaat omdat hulle invloed reeds in afdeling A vraag 7 aandag geniet.

Vraag 6 is gewysig om vas te stel of die persone 'n positiewe of negatiewe in= vloed op respondente by die keuse van die onderwys as loopbaan uitgeoefen het.

4.4.3.3.6 Vraag 8 word vraag 16 in afdeling A (kyk bylae 2 en 3).

4.4.4 Finale redaksie

Nadat bogenoemde wysigings aangebring is, is die geredigeerde vraelys (kyk bylae 3) getik en afgerol vir voorlopige toepassing.

Die eerste redaksie van die geslote vraelys is vir beantwoording voorgelê aan 46 matriekseuns van twee sekondêre skole, op toevallige wyse gekies uit dié skole wat nie die finale vraelys sal beantwoord nie.

Die gemiddelde tyd wat dit die groep geneem het om die vraelys te voltooi, was 13 minute, maar omdat 13 proefpersone langer as 16 minute besig was, is besluit om die tydsduur op ongeveer 20 minute te stel soos oorspronklik beplan is.

Na voltooiing daarvan, is die vraelys in retrospeksie geneem en op grond van die ervaring van die respondente met die beantwoording daarvan en van die proefnemer met die tabulering van die antwoorde, is finale veranderinge aangebring. Ter= selfde tyd is daar oorleg gepleeg met mnr. T. Steyn verbonde aan die Rekensentrum van die P. U. vir C. H. O. Om die pons van die data en ontleding deur die rekenaar te vergemaklik is daar 'n nuwe vraag 1 ingesluit, is die vrae hergroepeer in 7 afdelings, nl. A tot G, en is al die vrae van 1 tot 55 genommer (kyk bylae 4).

4.4.4.1 Finale redaksie van afdeling A

4.4.4.1.1 Nuwe vraag 1. Is u in 'n plattelandse of stedelike skool? (Die volgende word as stede gereken: Pretoria en voorstede, die Witwatersrand, die Oos-Rand, die Wes-Rand, die Vaaldriehoek en Klerksdorp).

| | |
|---|---|
| Stedelike skool | /__/1/ |
| Plattelandse skool | /__/2/ |

4.4.4.1.2 Vraag 3 en 4 is saamgevoeg as vraag 4 (kyk bylae 3 en 4): Is u vader 'n onderwyser?

| | |
|---|---|
| Ja | /_/ 1/ |
| Nee | /_/ 2/ |
| Was een | /_/ 3/ |

Hierdie verandering was nodig aangesien respondente wat in die eerste redaksie van die vraelys by vraag 3 "ja" gesê het, nie geweet het wat om in vraag 4 te ant= woord nie.

4.4.4.1.3 Om dieselfde rede is vraag 5 en 6 saamgevat tot vraag 5 (kyk bylae 3 en 4): Is u moeder 'n onderwyseres?

| | |
|---|---|
| Ja | /_/ 1/ |
| Nee | /_/ 2/ |
| Was een | /_/ 3/ |

4.4.4.1.4 By vraag 8 is ingevoeg (kyk bylae 3 en 4): As u in vraag 7 "ja" geantwoord het ignoreer dan vraag 8.

4.4.4.1.5 Die opdrag by vraag 9 is verander om te lees (kyk bylae 3 en 4): Merk met 'n "x" een rede, *slegs die belangrikste rede,* waarom u die beroep in vraag 7 of vraag 8 gekies het. Hierdie verandering is aangebring omdat een van die respondente meer as een rede aangedui het. *Ek voel geroepe tot die beroep* is ook as rede bygevoeg, omdat van die respondente dit versoek het.

4.4.4.2 Finale redaksie van afdeling B

4.4.4.2.1 Afdeling B begin nou ná vraag 10 met deurlopende nommers (kyk bylae 3 en 4).

4.4.4.2.2 Vraag 12.1 word die nuwe vraag 11 en is gewysig om te lees (kyk bylae 3 en 4):

| | | |
|---|---|---|
| Geduld | In 'n baie hoë mate | /_/ 1/ |
| | In 'n hoë mate | /_/ 2/ |
| | In 'n redelike mate | /_/ 3/ |
| | In 'n geringe mate | /_/ 4/ |
| | Glad nie | /_/ 5/ |

Dieselfde prosedure is gevolg met vrae 12 tot en met 22. Na die mening van die respondente was dit moeilik om noukeurig uit die drie moontlikhede te oordeel in watter mate hulself oor die eienskappe beskik. Die keuse is om hierdie rede ver=

meerder tot 5.

4.4.4.3 Finale redaksie van afdeling C

'n Afdeling C is ingevoeg na vraag 22 en die opskrif gewysig om te lui (kyk bylae 3 en 4): Hierdie afdeling handel oor u persoonlike ervaring by die skool.

4.4.4.4 Finale redaksie van afdeling D

Die vorige afdeling B word nou afdeling D. Vraag 1 word vraag 27 en gewysig om as volg te lees (kyk bylae 3 en 4):

| | | |
|---|---|---|
| Vakansies | In 'n baie hoë mate | /__/ 1/ |
| | In 'n hoë mate | /__/ 2/ |
| | In 'n redelike mate | /__/ 3/ |
| | In 'n geringe mate | /__/ 4/ |
| | Glad nie | /__/ 5/ |

Dieselfde prosedure is gevolg met vrae 28 tot en met 36. *In 'n baie hoë mate* is bygevoeg om die respondente 'n beter geleentheid te bied om te oordeel in watter mate die faktore hulle beïnvloed om die onderwys as loopbaan te kies.

4.4.4.5 Finale redaksie van afdeling E

Afdeling E word ingevoeg na vraag 36. Vraag 2.1 word vraag 37 en is gewysig om te lees (kyk bylae 3 en 4): Daar word te veel vir die onderwyser voorgeskryf wat om te doen, sy inisiatief word hierduer gedemp.

| | |
|---|---|
| In 'n baie hoë mate | /__/ 1/ |
| In 'n hoë mate | /__/ 2/ |
| In 'n redelike mate | /__/ 3/ |
| In 'n geringe mate | /__/ 4/ |
| Glad nie | /__/ 5/ |

Dieselfde prosedure word gevolg met vrae 38 tot en met 45. Die rede vir die wysiging is dieselfde as vir afdeling D hierbo.

#### 4.4.4.6 Finale redaksie van afdeling F

Afdeling F word ingevoeg na vraag 46. Vraag 3 word vraag 47 en is gewysig om te lees (kyk bylae 3 en 4): Hoe vergelyk die salaris van die onderwyser, volgens u mening, met dié van die man in die privaat sektor?

#### 4.4.4.7 Finale redaksie van afdeling G

Afdeling G word ingevoeg na vraag 49. Vraag 6.1 word vraag 50 en gewysig om te lees (kyk bylae 3 en 4):

| | | |
|---|---|---|
| Vriende | Aangemoedig | /_/1/ |
| | Ontmoedig | /_/2/ |
| | Geen invloed | /_/3/ |

Dieselfde prosedure is gevolg met vrae 51 tot 55. Na die mening van die respon= dente het dit baie selde gebeur dat 'n persoon hulle sterk beïnvloed het, daarom is "sterk" weggelaat.

Deur die voorgaande wysigings aan te bring, is 'n groter mate van duidelikheid be= reik en kan verwag word dat die finale geslote vraelys meer betroubaar sal wees. Die finale geslote vraelys verskyn as bylae 4 hierin. Bylae 4 is in Engels ver= taal en verskyn as bylae 5.

## 4.5 DIE TOEPASSING VAN DIE VRAELYS

Nadat die toestemming van die Transvaalse Onderwysdepartement daartoe verkry is, is die skole wat deur die gestratifieerde ewekansige steekproef (kyk paragraaf 4.2.1) getrek is se hoofde persoonlik genader om toestemming te kry om die vraelys deur hulle matriekseuns te laat invul. Vraelyste is aan altesaam 23 skole ge= pos en aan elke skool is volledige instruksies voorsien oor hoe om die vraelys te voltooi.

Uitstekende samewerking is van hierdie skoolhoofde verkry, want al die vraelyste was binne die bestek van 4 weke aan skrywer terug besorg en besonder volledig voltooi. Sestien van die vraelyste wat aan 17 ander skole gestuur is, was binne 6 weke terug. Laasgenoemde vraelyste sou in berekening gebring word indien daar

van die geselekteerde skole versuim het om hulle vraelyste terug te stuur. Alles in ag geneem, was 97,5% van al die vraelyste binne 6 weke na afsending terug.

## 4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n volledige uiteensetting van die samestelling van die tentatiewe geslote vraelys gegee. Hierdie vraelys is bespreek met dr. J. F. Marais en mnre. S. J. Nel en N. J. Vreken, almal verbonde aan die P. U. vir C. H. O. Die aanbevole wysigings is gedurende die eerste redaksie van die vrae= lys aangebring. Hierna is die vraelys aan 46 matriekseuns van twee sekondêre skole voorgelê om te voltooi. Hierdie vraelys is ook aan mnr. T. Steyn van die Rekenaarsentrum van die P. U. vir C. H. O. voorgelê. Op aanbeveling van die respondente en mnr. T. Steyn is die tweede redaksie uitgevoer en die finale vraelys (kyk bylae 4 en 5) is opgestel wat aan die respondente gegee is om te voltooi.